LAER VOLKSKOOL
GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 9
8 Maart 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

MEEGEVOEL
Ons innige meegevoel gaan aan die Du Toit familie (Joshua & Alice) met die afsterwe van hul geliefde ouma. Mag hulle as gesin die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie moeilike tyd beleef.

EPOS
Daar is 'n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

MNR D JOUBERT (SKOOLHOOF) SE EPOS ADRES HET VERANDER
hoof@laervolkskool.org

STUDEER SONDER SUKKEL
Die Instituut vir Christelike Onderwys bied by Laer Volkskool hierdie studie kursus vir ons graad 4 leerlinge aan. Die koste van die kursus beloop R120 per kind.

Die skool borg elke leerling met R60. Danksy 2 fondsinsamelings wat tydens die 2 sokkie-aande gehou is, kon ons nog elke leerling se koste met 'n verdere R40 verminder. Dus gaan die kursus elke leerder nou net R20 kos. Vul asseblief die vormpie in en stuur so spoedig as moontlik die R20 na die klasonderwyseres. Die R20 moet voor of op 14 Maart by die registeronderwyser betaal word.

Die sessies met Graad 4 leerlinge en ouers is as volg:
Leerdersessie – Donderdag, 14 Maart 2019 om 07:15 tot 13:30 tydens skooltyd in die Kewertjie. Dit is 'n normale, verpligte skooldag en u kind moet by die skool wees.

Ouersessie – Donderdag, 14 Maart 2019 om 17:30 tot klaar in Kewertjie.

OUPA- EN OUMADAG 18 APRIL 2019: 10:00 TOT 12:00
Laer Volkskool bied vanjaar weereens 'n Oupa- en Oumadag op 18 April 2019 aan. Soos elke jaar beloof die dag weer om die leerlinge en hul grootouers te trakteer met heerlike verversings, geskenkies en 'n spesiale program. Aangesien die dag met baie reëlings gepaard gaan en ons elke jaar vir ongeveer 250 grootouers en leerlinge gereed maak, is dit noodsaaklik dat ons vroegtydig die name van alle grootouers en leerlinge wat die dag sal bywoon, ontvang.

Voltooi asseblief die vorm wat u saam met die vorige nuusbrief ontvang het en stuur met die korrekte bedrag na die skool teen **15 Maart 2019**. (Laaste skooldag van die kwartaal) Nog vorms is by die kantoor beskikbaar.

Ons sien daarna uit om u kind/ers se grootouers te ontvang.

SPORT
Die netbal en rugbyseisoen begin nou in alle erns. Wanneer ‘n leerder besluit om aan ‘n sportsoort deel te neem, doen ons ‘n beroep op alle deelnemers om die oefeninge getrou by te woon asook om die hele seisoen te voltooi as deelnemer aan ‘n spesifieke sport. Dit is deel van karakterontwikkeling om vir die spelers ‘n verantwoordelikheid teenoor sy skool en sy span te gee. Wanneer spelers een oefening bywoon en een wegbly, maak dit die taak van die afrigter baie moeilik veral as spanne gekies word. Indien ‘n speler wel siek is en nie ‘n oefening kan bywoon nie, moet daar by die afrigter self verskoning gemaak word. Geen boodskappe via mede leerlinge word na afrigters gestuur nie. Indien ‘n leerling sonder verskoning by ‘n oefening wegbly, sal so ‘n leerling nie toegelaat word om die komende wedstryd te speel nie.

DROOGTEHULP
Laer Volkskool is deur Weppie Preppie uitgedaag om aan die Droogtehulp Fondsinsameling van Burre Burger deel te neem. Die hele gemeenskap van Graaff-Reinet gaan gedruk onder die droogte.

Ons beplan ‘n muntlegging Donderdag, 14 Maart 2019 as waardering. Maak jou beursie leeg en stuur al die munte skooltoe.

NUWE LVS MAROEN HEMPIES
Hierdie maroen hempies kan by HVS skoolwinkel vir Tennis, Netbal en Hokkiedogters aangekoop word. Dit vervang die huidige wit hempie, maar dogters hoef nie nou al so hempie te gaan koop nie.

Soos wat die wit hempies te klein word en ‘n nuwe hempie benodig word, kan dogters dan in plaas van die wit hempie, ‘n maroen hempie koop. Dit kan gedra word by Tennis, Netbal- en Hokkieoefeninge en wedstryde. Moenie wit hempies weggooi nie, gebruik dit vir oefeninge. Beide die wit- en maroen hempie sal toegelaat word totdat dit heeltemal infaseer het.

UNION FESTIVAL
Die koshuisleerlinge ontruim Donderdag, 14 Maart 2019 as gevolg van Union Festival.

RAPPORTE
Leerlinge ontvang hul rapporte op Donderdag, 14 Maart 2019 by die klasonderwyser. Die skool verdaag om 12:00. Leerlinge wat afwesig is, sal hul rapporte volgende kwartaal by die registeronderwyser kan afhaal.

SPORT

ATLETIEK
Baie geluk aan Diniso Matayi en Alecia Louw wat aan die Oos-Kaap Atletiek in Cradock deelgeneem het die naweek. Hulle ontvang ook hulle half-erekleure vir die prestasie. Alecia Louw is deur na die SA Atletiekbyeenkoms waar sy aan die 70m hekkies Do.10 gaan deelneem.

Hulle het uitstekende prestasies behaal met Diniso wat ‘n 1ste plek in die 100m S.10 uitdunrondte en ‘n 6de plek in die finale behaal het en Alecia wat ‘n derde plek in die 70m hekkies Do.10 behaal het.

KRIEKET
Die o/13’s speel op 14 Maart om 14:00 ‘n krieketwedstryd teen Laerskool Jeffreysbaai.

SWEM
Tydens die Interskole-gala, is die verkeerde tyd deurgegee vir Anrich Nieuwoudt by Borsslag S0.14. Nadat LVS navraag gedoen het, het die organiseerders sy tyd reggestel. Dit bring mee dat hy die Victor Ludorum-trofee met Aidan Thiart deel. Baie geluk Anrich!

Baie sterkte aan al ons swemmers wat ingesluit is in die Karoospan. Hulle gaan op Maandag, 11 Maart 2019 in Oos-Londen deelneem aan die Driehoekige-gala in Oos-Londen. Die volgende swemmers is gekies om deel te neem: Cara van der Merwe, Mynette Viljoen, Frederick de

Klerk, Johan Viljoen, Carlien Oosthuizen, Elné Viljoen, Kate-Lynn Kruger, Danel de Koker, Francois Naudé, Louis de Wet, Aidan Thiart, Hannes van der Merwe, Ruben van der Ahee, Lua Bouwer, Anishka Luiters, Anrich Nieuwoudt, Mark Blom, Hugo Botha en Luca Visser.

TOP 8 GALA
Sterkte aan die leerlinge wat Saterdag, 9 Maart 2019 aan die top 8 Gala te Port Elizabeth gaan deelneem. Hulle is Mark Blom, Anrich Nieuwoudt, Aidan Thiart, Hannes van der Merwe en Carlien Oosthuizen.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

KALMTE VAN GEES

Gee ons, o Heer, in die tyd wat kom,
u vrede en u rus,
geduld en kalmte van gees
wat slegs by U te vind is.

Psalm 40:2

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hoof@laervolkskool.org
Tel: 049 8910803